

**1 November**

**Ware verootmoediging impliseer algehele onderwerping**

**Skrifgedeelte: Eksodus 10:1-20**

**Fokusgedeelte: Eksodus 10:3**

In die beskrywing van die agtste plaag, die sprinkaanplaag, is dit duidelik hoe groot God se mag en tug is oor mense wat hulle nie in volkome onderworpenheid aan Hom oorgee nie.

Moses en Aäron moes God se wil aan die farao gaan afkondig: God vra algehele onderwerping! God eis volledige oorgawe.

Wat het die farao verhinder om dit te doen? Hy het homself as 'n god beskou!

Om jouself so belangrik te ag dat jy jou nie voor die Here kan neerwerp in ware ootmoed en oorgawe nie, het 'n ramspoedige einde, dikwels nie net vir 'n individu nie, maar vir baie mense rondom hom, familie, vriende, selfs vir 'n hele nasie.

Die Bybel maak dit dikwels duidelik hoe konings en prinse God se oordeel oor hulleself gebring het as gevolg van onverbloemde hoogheidswaan. Omdat koning Belsasar (Dan 5:21, 22) hom nie voor God wou verootmoedig nie, het die Here hom só verneder dat hy soos 'n waansinnige dier geword het. Koning Sedekia wou nie berou toon toe die profeet Jeremia hom op bevel van die Here aangespreek het nie. Dit het gelei tot 'n ramspoedige, vernietigende oorlog.

Met die almagtige God kan mens nie speletjies speel nie. As Hy jou bewus maak van verkeerde dinge in jou lewe, maar jy dink te veel van jouself om jou heelhartig te bekeer, kan die Here op skrikwekkende maniere in jou lewe ingryp.

Tog bly Hy deur alles heen regeer. Hy laat sy koninkryk kom deur die rampe en oordele heen. Deur hierdie geskiedenis heen is die pad voorberei vir die koms van Jesus Christus. As jy Christus se liefde ken, word oorgawe maklik, want sy Gees oortuig jou van jou kleinheid en armoede voor God. Bid elke dag saam met die nagmaalsformulier dat ons onself hoe langer hoe meer aan Jesus Christus sal oorgee.

*Sing: Psalm 138:1 en 3 (Totius)*

*Dr. Flip Buys*